13. Administratiewe Buro – Diensburo en Finansies

13.1 RAPPORT 1: VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO (Art 154)

A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
B. Ds EJ Tiemensma lewer die Rapport.
C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. **Besluit:** Opdrag aan ds PJ Nel om die dank van die Sinode aan die personeel van die Administratiewe Buro vir hulle werk in persoon oor te dra.

E. RAPPORT

1. Doel van Rapport

1.1 In hierdie Rapport word nie in detail oor sake soos die Reglement bepaal en oor opdragte deur die Ledevergadering aan die Bestuur opgedra, gerapporteer nie. In verskillende onderafdelings van die Rapport en die Aanvullende Rapport van die Administratiewe Buro word hieroor met tersaaklike aanbevelings verslag gelewer.

1.2 Die doel van hierdie Rapport is om inleidend tot die Rapport van die Administratiewe Buro aan die Ledevergadering ‘n algemene oorsig oor die bestuur van sake deur die Bestuur van die afgelope termyn te gee. Hierdie oorsig strek oor vyftien bestuursvergaderings waarvan drie vergaderings deel van strategiese werksessies was. Veral in aansluiting by die strategiese werks- en beplanningsessies is die oorsig oor die werksaamhede van die Bestuur nie tot die termyn 2012–2014 beperk nie. Enersyds vind die afgelope termyn spesifieke aansluiting by vorige termyne en andersyds het dit op die pad vorentoe betrekking. Beide hierdie aspekte kom binne die geheel van ‘n algemene oorsig aan die orde ten einde die termyn 2012–2014 in perspektief te plaas.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Oorsig oor spesifieke aspekte

2.1 *In aansluiting by vorige termyne*

2.1.1 Die termyn 2012–2014 staan nie op sy eie nie, maar vind aansluiting by vorige termyne sedert 2003 om die Buro as ‘n *Diensburo* te vestig. Die afgelope termyn het volgens die strategiese beplanninge van die termyne 2006–2008 en 2009–2011 binne die breë raamwerk daarvan gestaan om uitvoering aan effektiewe finansiële en administratiewe dienste aan die kerke in kerkverband, Deputategroepe, Trustees en meerdere vergaderings te gee.

2.1.2 ‘n Uitvloeisel hiervan was die aanstelling van ‘n Uitvoerende Bestuurder (in die persoon van ds LH van Schaik na die bewilliging deur die GK Springs-Oos ingevolge KO, art 14) gedurende die termyn 2009–2011. Volgens die ooreenkoms tussen die GK Springs-Oos en die Buro verstryk die diens van ds LH van Schaik aan die einde van 2014 (dieselfde jaar waarin ds LH van Schaik 65 geword het). Die funksionele werksaamhede van die Buro in die termyn 2009–2011, en deels in die termyn 2012–2014, het onder toesig en leiding van die Uitvoerende Bestuurder gestaan.

2.2 *In aansluiting by afgelope termyn*

2.2.1 Die Bestuur het aan die begin van die afgelope termyn oor herstrukturering in die algemeen besin. In die verloop hiervan het br HSJ Vorster skriftelik versoek om op 31 Maart 2013 (op die ouderdom 60 jaar) met vervroegde pensioen uit diens te tree. Die versoek is op 23 Augustus 2012 goedgekeur en by wyse van ‘n ooreenkoms (op sy versoek) opgestel, afgehandel.

Br HSJ Vorster was sedert Oktober 1995 vir meer as 17 jaar by die Administratiewe Buro werksaam. In hierdie tyd het hy op ‘n besondere manier ‘n waardevolle bydrae in diens van die Buro en aan die kerke in kerkverband gelewer. Hieraan wil die Bestuur ook deur hierdie Rapport erkenning gee. Verder is daarvan kennis geneem dat br HSJ Vorster tot minstens die Algemene Sinode 2015 sekere werk by SDDS voortsit. In br J Coetzee as rekenmeester is die Buro steeds by SDDS betrokke met ander personeel in die finansiële afdeling wat hom bystaan.

2.2.2 Die Bestuur het vir die volgende twee redes indringend aandag aan die pos van die Uitvoerende Bestuurder gegee: die gesondheid van ds LH van Schaik en sy eventuele emeritering in 2014. In strategiese werksessies is indringend oor die pad vorentoe met behoud van die dienskarakter van die Buro besin. Alles inaggenome – ook dat ds LH van Schaik in Maart 2014 die ouderdom 65 bereik het – is besluit dat hy tot 31 Desember 2014 (volgens die ooreenkoms met die GK Springs-Oos) in diens van die Buro bly. In hierdie tyd (Maart–Desember 2014) het hy die pos Uitvoerende Bestuurder (adviserend) beklee. Die werksaamhede by die Buro is soos volg gestruktureer: dr W du Plessis hanteer as Administratiewe Bestuurder die administrasie (waarin ds W Vogel as ‘n bestuurslid hulp kan verleen); br J Coetzee hanteer as Finansiële Bestuurder alle finansiële aangeleenthede (waarvoor br L Kruger as ‘n bestuurslid se dienste beskikbaar is); skakeling met die kerke in kerkverband is deur ds CA Jansen behartig. Genoemde sake is in samewerking met en advies van die Uitvoerende Bestuurder hanteer. In die lig van ds LH van Schaik se termyn wat (DV) op 31 Desember 2014 tot afsluiting kom, is ‘n woord van dank aan hom (en aan die GK Springs(-Oos) asook aan die GK Cachet) gepas. Gekoppel aan die vestiging van die dienskarakter van die Buro van die vorige termyne, oordeel die Bestuur dat ds LH van Schaik instrumenteel in die uitbouing daarvan was. In hierdie proses is hoë eise aan hom gestel met ‘n verskeidenheid sake en take wat hanteer moes word. Ons is dankbaar vir diens wat roepingsgetrou gelewer kon word. Hy en sy eggenote word die seën van die Here ná emeritering toegebid.

2.2.3 Die strategiese beplanning van die afgelope termyn is nie tot die afloop van die termyn beperk nie, maar het ook die pad vorentoe ingesluit. Die Bestuur het indringend en selfevaluerend oor die Administratiewe Buro se rol en funksie binne die GKSA, asook sy opdrag en uitvoering daarvan, besin. Die uitkoms hiervan was die ontwikkeling en daarstel van strategieë vir die Skakeldeputate en kommunikasie in die GKSA. Hieroor word in meer besonderhede in die Rapport van die Administratiewe Buro gerapporteer. Hierbenewens is saam met die besinning oor die rol van die Administratiewe Buro in diepte op die Reglement gefokus en oorweging aan die vulling aldan nie van die pos van Uitvoerende Bestuurder gegee. Hierdie twee aspekte (Reglement en die vulling al dan nie van die pos van die Uitvoerende Bestuurder) word afsonderlik in die volgende punt met spesifieke toespitsing op die pad vorentoe toegelig.

2.3 *In aansluiting by ‘n volgende termyn*

2.3.1 In ‘n afsonderlike Rapport waar die Reglement van die Administratiewe Buro aan die orde is, word bepaalde en spesifieke wysigings voorgestel. Die voorgestelde wysigings is die neerslag van verdere inhoud aan die rol en doel van die Administratiewe Buro gegee. Dit vind aansluiting by die uitbou en ontwikkeling van die *dienskarakter* van die Buro in die vorige termyne wat tot strategiese aanpassings gelei het om daaraan diensbaar te wees. Verdere besinning oor die *dienskarakter* van die Buro het tot die volgende strategiese raamwerk gelei waarbinne die rol van die Administratiewe Buro geplaas is, naamlik: *die Administratiewe Buro het ten doel om sy lede te help, te ondersteun en te lei om kerk binne die koninkryk van God te wees*.

Twee hooffunksies is hierin te onderskei: (1) administratiewe en finansiële bestuur; (2) bedieningsontwikkeling tot uitbreiding van die koninkryk van God. Hiermee vereenselwig die Administratiewe Buro hom met die Omkeer-inisiatief in die GKSA waarvan ‘n uitwerking te vind is in die reglementswysigings voorgestel. Dit is die bede en vertroue van die Bestuur dat hierop vir die pad vorentoe voortgebou sal word binne die perspektief waar die Buro nie as ‘n ‘struktuur’ naas die kerke (sy lede) werk nie, maar tot diens van die kerke staan.

2.3.2 Die Bestuur het van alle kante oorweging aan die vulling al dan nie van die pos van Uitvoerende Bestuurder gegee. Die bevinding waartoe gekom is, is om vir die huidige nie die pos te vul nie. Onderbou word egter wel aan die organisasiestruktuur op ‘n wyse gegee wat deelnemende en doeltreffende bestuur, sowel as administrasie en skakeling, koste-effektief kan bevorder. By Skakeling/Advies word ds W Vogel en by Bestuur/Administrasie word dr JA Kruger – beide op deeltydse basis – betrek. Hierdie reëling het vanaf 01 Julie 2014 in samewerking met die Uitvoerende Bestuurder (adviserend) in werking getree. Aan die te benoeme Bestuur vir die volgende termyn word opgedra om hierdie werkswyse deurlopend te evalueer en aan die einde 2015 verder besluite te neem soos nodig.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.2 kennis geneem.

3. Algemene oorsig oor werksaamhede

Die Bestuur het deurlopend sake hanteer waarvan die volgende in die bestuurslede verteenwoordig is: Finansies, IT en Stelselbestuur, Trustees, Eiendomme, Regskundige, Mensbestuur, Kuratore, Skakeldeputate, Administratiewe Bestuurder en Finansiële Bestuurder. Die werksaamhede van die afgelope termyn het oor ‘n wye terrein gestrek. Vir die doeleinde van ‘n algemene oorsig oor werksaamhede deur die Bestuur en by die Administratiewe Buro, word op enkele aspekte gekonsentreer.

3.1 *Personeel*

3.1.1 Die Bestuur het dit as hoë prioriteit gesien om beleids- en prosedurehandleidings te finaliseer en ‘n beleidsdokument vir gesekondeerde personeel op te stel. Hierin het br JH van der Merwe (Mensbestuur) besondere insette gelewer. As gevolg van sy gesondheid het hy in 2014 versoek om as lid van die Bestuur onthef te word. Dr JA Kruger is in sy plek as sekundus opgeroep. Van die begin af het hy, vanweë sy vroeëre verbintenis met die Administratiewe Buro, ‘n waardevolle bydrae gelewer.

3.1.2 Oor personeelaangeleenthede betreffende personeel in diens van die Buro kan van die volgende kennis geneem word: Anneke van der Walt is in die pos vir Jeugsorg Deputate / Kruispadbemarking aangestel; Alet-Elize van Jaarsveld is in samewerking met die Deputate Historiese Sake as tydelike assistent vir die ontsluiting van argiefmateriaal aangestel; Dalene Pretorius is sedert 01 Februarie 2014 in die pos van assistent-rekenmeester aangestel om die druk te help verlig in die volume werk wat in finansiële bestuur hanteer moet word; br Johan Coetzee is tot Finansiële Bestuurder en dr Wymie du Plessis tot Administratiewe Bestuurder bevorder.

3.1.3 Dit kan nie nagelaat word nie om elkeen van die Bestuurslede en elke personeellid verbonde aan die Buro van harte te bedank vir onbaatsugtige diens; volgehoue insette en bydraes gelewer; inisiatiewe geneem om steeds slypend aan die doel van die Administratiewe Buro mee te werk.

3.2 *Finansies*

3.2.1 Die beheer en administreer van al die fondse van die Administratiewe Buro is, soos die Reglement bepaal, aan die Bestuur toegewys. Finansiële verslagdoening betreffende bestuur van fondse, ramings, agterstallige ramings, verpligte kollektes, boekerekeninge en begrotings was deurlopend deel van die agenda van Bestuursvergaderings. Die Bestuur is terdeë bewus van nood by kerke om finansieel te oorleef; al meer druk wat op sustentasie geplaas word; negatiwiteit oor ramings en die stand van sake wat agterstallige ramings betref. In verband met agterstallige ramings kan nie nagelaat word om hierop te wys nie:

3.2.1.1 Agterstallige ramings het ‘n direkte invloed op dit waartoe die kerke gesamentlik met mekaar ooreengekom het.

3.2.1.2 Die Administratiewe Buro het nie ‘n mandaat om ramings af te skryf nie, maar kan binne sy opdrag met kerkrade onderhandel om finansiële verpligtinge meer draaglik te help maak.

3.2.2 Op verskillende maniere is uitvoering aan die beheer en administreer van fondse gegee:

3.2.2.1 Die geldsake van die GKSA is in gereelde skrywes met die kerke gekommunikeer.

3.2.2.2 Aandag is aan rekeninge in rooi gegee waar met die betrokkenes gesprek gevoer is hoe om dit aan te spreek.

3.2.2.3 ‘n Beleid ten opsigte van lenings is opgestel. Dit dien vermeld te word dat daarin geslaag is om die Buro by die Kredietreguleerder as ‘n kredietverskaffer te registreer.

3.2.2.4 Agterstallige ramings is met skrywes / besoeke aan Kerkrade en betrokke Klassisse opgevolg.

3.2.2.5 Begrotings is met ‘n jaarlikse inligtingsvergadering opgevolg en Kerkrade is op hoogte daarvan gebring.

3.2.3 Ten spyte van toenemende finansiële druk, kon verpligtinge in die afgelope termyn nagekom word. Daar is baie om voor dankbaar te wees soos uit die geheel van die bestuurstate blyk. In aansluiting by die pad vorentoe is finansiële bestuur ingesluit by voorgestelde wysigings aan die Reglement. Dit hou verband met die doel van beheer en administreer van al die fondse aan die Bestuur toegewys. Finansiële bestuur word in die voorgestelde reglementswysigings as ‘n hooffunksie van die Administratiewe Buro binne die volgende perspektief geplaas: *Hulp, ondersteuning en leiding van die Administratiewe Buro aan sy lede om kerk binne die koninkryk van God te wees*.

3.3 *Kommunikasie*

3.3.1 Kommunikasie het tydens strategiese beplanningsvergaderings van die afgelope termyn ter sprake gekom as ‘n saak wat nie oor die hoof gesien kan word nie. ‘n Bevinding waartoe gekom is, is dat die GKSA kan (en moet) verbeter in kommunikasie na binne en na buite. Die ontwikkeling van kommunikasie strategieë vir die GKSA en aanverwante aspekte soos die GKSA-webtuiste, word in ‘n afsonderlike Rapport van die Rapport van die Administratiewe Buro aan die orde gestel.

3.3.2 As deel van kommunikasie is van die kant van die Buro tersaaklike inligting ná Bestuursvergaderings met die kerke gekommunikeer. Die kerke in kerkverband is op hoogte van bestuursaangeleenthede en verwikkelinge by die Buro gehou.

3.4 *Skakeldeputate*

3.4.1 Die plek van die Skakeldeputate behoort sedert die termyn 2009–2011, nadat Sinode 2009 gevolg aan ‘n Beskrywingspunt in hierdie verband gegee het, nie meer onder bevraagtekening te wees nie. Allermins dra dit tot iets soos ‘n ‘lomp struktuur’ van die Administratiewe Buro by. Die afgelope termyn het opnuut die belangrike rol bevestig wat die Skakeldeputate in die skakeling met en hulp aan die kerke inneem. Dit is duidelik in kerkordelike adviese gevra en in werkswinkels landswyd aangebied waar leiding in administratiewe- en finansiële aangeleenthede gegee kon word.

3.4.2 Aan die Algemene Sinode 2012 is gerapporteer dat aan ‘n inligtingsboekie gewerk word wat as handleiding deur Kerkrade gebruik kan word oor administratiewe-, finansiële- en kerkordelike aangeleenthede. Hierdie inligtingsboekie / handleiding, waardeur die Buro die kerke in kerkverband tot diens wil wees, is in die proses van finalisering waarna dit beskikbaar gestel sal word.

3.4.3 In ‘n afsonderlike Rapport van die Skakeldeputate word op die belangrikheid van hierdie Deputate se werksaamheid in aansluiting by die afgelope termyn, maar ook vir die pad vorentoe, gewys. Die Skakeldeputate is ‘n vir die pad vorentoe direk by die doel van die Administratiewe Buro ingeskakel om tot hulp van die kerke in byvoorbeeld die volgende te wees: bedieningsontwikkeling tot uitbreiding van die koninkryk van God en voorsiening van hulpmiddels vir bedieningsontwikkeling.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4.3 kennis geneem.

4. Koninkryksgerig op pad

4.1 Die Bestuur het en moes in die afgelope termyn sake van wye omvang behandel en afhandel soos dit uit hierdie oorsig ter inleiding tot die geheel van die Rapport van die Administratiewe Buro reeds duidelik is.

4.2 Terselfdertyd is voortdurend aandag daaraan gegee op welke wyse(s) steeds verbeter kan word om die Administratiewe Buro in doeltreffende en effektiewe diens aan sy doel te laat beantwoord.

4.3 In aansluiting by die voortgesette uitbouing van die doel van die Administratiewe Buro om ‘n *Diensburo* te wees, sien die Buro dit as sy roeping en taak om in afhanklikheid van die Here *koninkryksgerig* in Sy diens tot diens van sy kerk te wees.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.3 kennis geneem.